

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

OJ WAS EEN TE VEEL

Die beker staan op Heilbron, maar nie sonder 'n reuse teruggeveg van Frankfort nie – lees volledige berig op sportblad.



>>> BLADSY 2

Aanvaller gedood met sy eie knopkierie

Toe 'n aanvaller sy knopkierie tydens 'n aanval op haar man laat val, het Annemarie Smith dit opgetel en kon hulleself daarmee verdedig.

>>> BLADSY 8

Baie pret by "July in September"

Die Heilbron Ruitersklub se perdesportdag van Saterdag was weereens 'n reuse sukses en was terdec geniet deur oud en jonk.



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



**Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135**
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouw.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

STOP DIE VERVAL STEM

VF PLUS

X



DIE VF PLUS SE PLAN VIR BETER DIENSLEWERING:

- Stel amptenare op meriete aan
- Bekostigbare belastings en tariewe om die ekonomie te stimuleer
- Bestee infrastruktuurtoekennings ten volle en doen gereelde instandhouding
- Verseker effektiewe oorsig oor munisipale amptenare en bestuur
- Bevorder veeltaligheid en beskerm die erfenis van alle gemeenskappe
- Ken tenders aan kontrakteurs toe wat die werk kan doen en waar daar waarde vir geld is



VF PLUS

AANVALLER GEDOOD MET SY EIE KNOPKIERIE

Die heldhaftige optrede van 'n boervrou het waarskynlik gekeer dat haar man vermoor word in 'n plaasaanval op Maandag 27 September 2021, op die plaas Weltevreden, tussen Heilbron en Sasolburg. Petrus en Annemarie Smith, beide in hul laat dertigs, het by die huis aangekom en een van hul honde dood gevind en nog een in sy hok. Die egpaar het volgens brig. Motantsi Makhele, polisiewoordvoerder, Maandag

omstreeks 18:30 na hul huis op die plaas Weltevreden teruggekeer en deur die motorhuis in die huis ingegaan. Annemarie het glo gesien hul honde is nie op die werf nie en om die huis gestap om ondersoek in te stel. Sy het op een van die honde afgekom wat dood was, maar kon nie die ander hond kry nie. Makhele sê sy het die volgende oomblik haar man hoor skreeu. Annemarie het na Smith gehardloop en

gesien 'n man, wat op die plaas bly, is besig om hom aan te val. Die aanvaller het bo-op Smith gesit en hom met 'n knopkierie aangerand. Makhele sê die aanvaller het sy greep op die kierie verloor waarna Annemarie dit opgetel het en die aanvaller daarmee geslaan het. Die aanvaller is noodlottig beseer en op die toneel dood verklaar. Makhele sê die polisie het 'n tuisgemaakte

mes en 'n groen graaf, wat met bloed besmeer is, op die toneel gekry. Dit lyk asof die hond met 'n skerp voorwerp doodgesteek is. Smith is per ambulans na 'n hospitaal geneem. Die oorledene staan net bekend as Alex en sy volle identiteit is nog nie vasgestel nie. Hy is vermoedelik 'n buitelandse burger. Makhele sê 'n klagte van moord en poging tot moord word ondersoek. Niemand is in hegtenis geneem nie.

KLAS VAN 1966 HOU REÛNIE

Die vreugdevure van 'n blye weersiens het hoog gebrand met die reünie van die matriekklas van 1966 wat oor die naweek van 17-19 September op die gasteplaas Francolin Creek tussen Heilbron en Frankfort gehou is.

Reeds lankal is uitgesien na die 55-jaar-reünie nadat dr Kobus Hendriks tydens 'n mini-reünie in September 2018 aangebied het om die ete te borg by die plek van sy keuse. Hulpvaardige helpers om die droom te verwesenlik, het spontaan na vore getree: Danie Meyer, destyds hoofseun, Mariëtte (Van Niekerk) Van Zyl wat die administrasie behartig het en vernuftige speurwerk gedoen het om 'n ieder en 'n elk op te spoor, en Magriet (De Lange) Lotz wat saam met Kobus die reëlings by Francolin Creek getref en ook die inisiatief geneem het om die reünie ekstra feestelik te maak met 'n uitstalling van memorabilia asook 'n “bloemlesing” wat saamgestel is uit bydraes van maats wat herinneringe aan skooldae ingestuur het. Laaste, maar nie die minste nie, het Beenke Douwenga wat oor die jare heen vir ons klas die fotorekord gehou het, weereens as ons professionele fotograaf opgetree. Om die kersie op die koek te plaas: Kobus Hendriks het nie net die ete geborg nie, maar deur INOVULA gehelp met die koste om die ‘bloemlesing’, wat Magriet en Tienie / Elizabeth Hentschel saamgestel het, elektronies en/of gedruk beskikbaar te stel. En nog was dit het einde niet: Bill Roos, wat reeds dekades lank in Amerika woon en die reünie graag saam met sy vrou Lyla sou wou bywoon as dit nie vir die reisbeperkings was nie, het Suid-Afrikaanse wyne van sy keuse vir die reünie geborg en daarmee 'n ekstra vonkel aan die aand verleen.

Die sorgsame voorbereidings, die welwillendheid van al die gaste en die gasvryheid van Francolin Creek se mense het die perfekte omraming vir die reünie gebied. Die eerste gaste het reeds Vrydagmiddag aangekom en die vlammetjies van “Onthou jy nog?” aangesteek. In die loop van Saterdagoggend het die meeste gaste hul opwagting gemaak en met elkeen

se aankoms het die vreugdevure hoër gebrand. Die aanvanklike “vreemdheid” het plek gemaak vir die ou vertroue kameraderie wat alle harte verwarm het te midde van die Vrystaatse koelgheid voor die aanbreek van die somer. Teen die tyd dat die geselskap vir die “brunch” na die boskamp toe verskuif het, het die son deurgebreek en die lentegroen populierbome by die dam water laat glinster. Spoedig het die geur van braaivleis versprei en kort daarna kon almal die innerlike met 'n lekker ete versterk. Teen laatmiddag het almal bymekaar gekom vir die “amptelike” fotosessie wat onder gelag en geskerts plaasgevind het. Toe is die gekuier al langs herinneringslaan voortgesit totdat dit tyd was om vir die feesmaal aan te sit by die mooi gedekte tafels. Danie het almal hartlik verwelkom. Van die 50 matrikulante van die klas van 1966 was 21 teenwoordig en saam met metgeselle was ons altesaam 35 persone. Met weemoed het ons geluister toe Danie die name uitgelees het van die tien maats wat oorlede is: Christa (Du Toit) Leonard, Hannes Naudé, Bennie Pretorius, Bruce Smith, Joseph van Deventer, Christoffel Volschenk, Joshua van der Merwe, Willem Wilken, Willie Kammeyer en Frikkie Spangenberg.

Na 'n genoeglike aandete het Mariëtte 'n interessante oorsig oor die bewegings van 'n paar maats gegee aan die hand van die data wat sy vooraf ingesamel en saam met die opgedateerde adreslys beskikbaar gestel het. Sy het o.a. vertel dat ons kameraman Beenke in Kortgene (Zeeland) en Heeg (Friesland) begin skoolgaan het (waar die koudste winter in 100 jaar geheers het!) voordat die gesin Douwenga hulle in 1956 in Heilbron (Suid-Afrika) gevestig het waar Beenke vanaf Sub B tot St. 10 skoolgegaan het. Die lewenspad van Bill Roos, ons “fynproewer van Suid-Afrikaanse wyne en borge,” het deur Fouriesburg, Sasolburg en Heilbron gekronkel, en na skool via Mossgas uiteindelik na Amerika gelei.

'n Hele paar maats het hul skoolloopbane in plaasskole begin, o.a. Ben Burger, Christo



Op die foto van die 1966 Matrieks wat die 55jaar reünie op 18 September by Francolin Creek bygewoon het. Agter: August Weilbach, Ben Burger, Andrew Anderson, Lukas van Vuuren, Kobus Hendriks, Johan van Zyl, Danie Meyer, Beenke Douwenga. Middel: Mariëtte (van Niekerk) van Zyl, Marieta (van der Merwe) Els, Tharien (de Kock) Oosthuizen, Wilhelmine (Oosthuizen) Corbett, Magriet (de Lange) Lotz, Sarah (van den Berg) de Ridder, Kobie (Els) Fick, Frikkie Els. Voor: Gita (Zietsman) Swart, Elna (Wessels) van Rooyen, Elize (Smit) Oosthuizen. Cila (Roux) du Preez.

Fourie, Kobus Hendriks, Annatjie (Steyn) Du Raan en Cila (Roux) Du Preez (wat die plaasskool Modderpoort by Ladybrand te perd besoek het).

Uit die oorsig blyk dat dit dat die meeste maats verskeie skole bygewoon het voordat hulle op vroeër of later stadium in Heilbron begin skoolgaan het. Dit was Johan van Zyl beskore om sy laerskooldae in Alexanderbaai aan die Diamantkus deur te bring, en wel in die Buitekamp-gedeelte van die dorp wat met 'n sterk heining in twee gedeeltes was, naamlik die Binne- en Buitekamp, elk met sy eie laerskool. Interskoolaktiwiteite was onderhewig aan X-straalkontrole vir diamante.

Magriet (De Lange) Lotz, wat die rekord vir skoolverwisseling hou met die bywoning van sewe verskillende skole voordat sy in 1965 by ons in St. 9 aangesluit en die sirkel in voltooi het met haar terugkeer na Heilbron in 2018, het die slotwoord gespreek met 'n aanhaling uit TS Eliot se “Four Quartets”:

And the end of all our exploring

will be to arrive where we started and know the place for the first time.

Die nostalgiese stemming is laataand versterk toe Elize (Smit) Oosthuizen plek ingeneem het voor die klavier en 'n paar “koorlede” begin saamsing het aan liedere soos Heb je wel gehoord van de Zilveren vloot en Dis heerlike lente. Die ietwat trae koorsang het 'n lekker hupstootjie gekry toe Elna (Wessels) Van Rooyen die rol van dirigent oorgeneem en die koor tot lewendige ritme geïnspireer het met die sing van o.a. Die blink vosperd en Kom nou, kereels, laat ons sing (Gaudeamus igitur).

Veels te gou was die kuier verby en het die tyd vir afskeid aangebreek, vir sommige reeds die Saterdagoggend na onthby. Nou bly slegs die herinneringe aan 'n onvergeetlik mooi en hartsverrykende reünie oor en die wete dat ons uiters geseënd is om steeds die kosbare bande met mekaar te hou en te koester.

Berig saamgestel deur prof. Elizabeth Hentschel (aan die Heilbronners bekend as Tienie Roets).



Die groep geniet 'n ontspanne middagete by die boskamp op Francolin Creek.



Gesellig met wyn terwyl ander ywerig inskep.



Afskop met 'n heerlike ete Vrydagoggend.

SPAR⁴

Rewards

GRAND CASH
GIVEAWAY

WIN YOUR SHARE OF
R5 MILLION
IN CASH, INSTANTLY!

SPAR

COMPETITION ENDS 3 OCTOBER 2021

BUY ME TO WIN

MULTI-BUY
Buy 3 and get
R3 off
Rewards Customer Pay
30⁰⁰

BUY ME TO WIN

MULTI-BUY
Buy 2 and get
R5 off
Rewards Customer Pay
30⁰⁰

BUY ME TO WIN

BUY ANY 2 FOR
27⁰⁰

BUY ME TO WIN

BUY 2 FOR
200⁰⁰

BUY ME TO WIN

42⁹⁹

BUY ME TO WIN

74⁹⁹

BUY ME TO WIN

34⁹⁹ each

BUY ME TO WIN

78⁹⁹ per pack

BUY ME TO WIN

25⁹⁹

BUY ME TO WIN

27⁹⁹

BUY ME TO WIN

169⁹⁹ per pack

Add SPAR chat as a contact on WhatsApp to see specials, store details, Rewards and more! 0860 313 141

Exclusive to SPAR Rewards customers

SPAR Rewards
Instant Savings

Sign up today! Dial *120*7070#. It's INSTANT!

***Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.**

Specials available at all SPAR, SUPERSPAR and KWIKSPAR stores (excluding SPAR Express stores) from 28 September 2021 up to and including 3 October 2021, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Not available in Western Cape, Eastern Cape, KwaZulu-Natal, Upington or Kermooes area, the Lowveld or Belfast area. Prices include VAT.

Find us on /mySPAR



UIT DIE PEN

Ek kry 'n aanbod vanaf 'n naburige skool. Die omstandighede is baie beter: ek hoef nie elke dag 65 km werk toe en weer 65 km terug te ry nie. O, ja, ek het vergeet van die rit werk toe en terug. Meneer Smith het 'n blou Venture gehad. En ons het dit gehaat. Ons kon kies of ons saam met hom wou ry en of ons met ons eie vervoer wou ry. Aanvanklik het ons almal saam in die Venture ingeprop, want dit sou ons minder geld kos. Totdat Meneer Smith besluit het dat hierdie nie 'n gratis rit gaan wees nie. Ons het daarvoor betaal, goed betaal.

Ons het nooit 'n pap wiel langs die pad gehad nie, en was ook nooit in 'n ongeluk betrokke nie. Maar daar was wel 'n insident.

Ons een kollega se man was in die SAPD. Hy het op 'n dag vir Meneer Smith gevra of hy die blou Venture kon neem vir 'n toetsrit, want hulle wil ook

WEEK NEGE-EN-DERTIG VAN 2021

een koop. Meneer Smith het ingewillig, en daar gaan SAPD-lid en sy vrou een namiddag vir die toetsrit. Op pad terug na Meneer Smith se woning keer booswigte hulle voor. SAPD-lid stop die motor en probeer uitklim, maar toe klap die eerste skoot reeds. SAPD-lid val oor die bestuurder se sitplek, terug binne-in die Venture. Die booswigte spring in hulle kar en jaag weg. Die SAPD-lid word inderhaas hospitaal toe geneem waar hy 'n paar uur daarna ongelukkig sterf.

Die volgende oggend, kwart oor 6, staan die blou Venture gereed om ons skool toe te neem. Met bloedkolle wat nog nie heeltemal droog was nie.

Daardie dae was daar baie onluste in die gebied. Ons is een middag deur die Casspirs na veiligheid geneem. Al hierdie klein jakkalsies het gemaak dat ek eerder in die buurdorp wou gaan skoolhou.

Meneer Smith stel, met my tweede jaar by daardie skool, vir Jan aan. Die motief was duister, maar wat ons kon aflei, was dat Jan Meneer Smith se afliusterbeurte oorgeneem het. Jan het gerook, en ons kom hom 'n myl of meer ver ruik. Ek het eenkeer vir Jan gaan vra hoekom hy om die hoekie van my klas staan en rook? Het hy nie ander plek om dit te gaan doen nie? Die kinders in die klas is vreeeeslik allergies vir rook.

Jan het toe by iemand anders se klas gaan staan en afliuster.

Meneer Smith se Finansiële bedrading was niks lekker nie. Behalwe dat hy jou salaris dag-vir-dag uitgewerk het, het hy ook besluit hoeveel jy vir hom gedurende 'n vakansie werd was. Hy herinner ons gereeld dat ons dadelik vir hom moet sê indien ons

'n ander pos gekry het. Hoe gouer, hoe beter. Wanneer iemand dus 'n aanstelling by 'n ander instansie gekry het vanaf Januarie die volgende jaar, word jy net betaal tot die dag wanneer die skool in Desember sluit.

Maar ons was al gewoond daaraan.

Nietemin: so het ek by 'n ander skool in die buurdorp begin werk. Dié Engelse privaatskool was in sy tweede bestaansjaar. Ook maar nog tandekryprobleme. Ons skool was in die eerste dorpskool se sandsteengebou met groot oopskuiwensers.

Die skoolbestuurder (sy pa was die eienaar en die skoolhoof) was 'n Suid-Wester (nie 'n Namibiër nie, sê hy) en Engels was definitief 'n vreemde taal vir hom. Met die afkondigings nà pouse lig hy die kinders in dat die kooroefening binnekort gaan begin.

“Remember about the choir practice this afternoon.” Relatief maklike sin, sou jy weet hoe om die woord “choir” uit te spreek. Skoolbestuurder sê in sy vreemde-taal-Engels: “Joe mast riememba abjout da tjoir prêktis dis afternoen.” Ek het om die draai gaan staan en klaar lag.

Daar was maar *dodgy* karakters wat saam met ons skoolgehou het. Onthou: die dorpie was klein, en as jy nie by die openbare skool 'n pos kon kry nie, was hierdie skool jou volgende opsie.

Jan en Anna was 'n paartjie wat saam met my daar skoolgehou het. Anna was 'n oulike kindertuinonderwyseres en Jan was nie. Nie oulik nie, ook nie 'n kindertuinonderwyser nie.

Jip, dit was dieselfde Jan wat by ons afliusterwerk gedoen het. Ek weet nou nog nie watter vak Jan gegee het nie.

Een oggend kom Anna met 'n blou oog en opgeswelde lip by die skool aan. Jan is afwesig. Sjym, suster, wat het gebeur? Hoekom lyk jy so, wil almal weet?

“Jan het my geslaan.”

O, nee, tog! Is jy okay?

“Ja, maar ek het hom teruggeslaan. Jan lyk erger.”

Ek het alleen buite gaan staan en lag.

Jan en Anna het baie jare saam deurgebring, maar ek dink nie hulle het ooit die knoop deurgehak nie.

Ons trek van die sandsteenskool af na 'n fabriek met vier vloere: onder was die ontvangs en die laerskool, die tweede vloer was die Hoërskool, met die opsie om na die derde vloer uit te brei en die koshuis was op die vierde vloer.

My klas was in 'n hoekie ingedruk. Langs my was die Skeinatklas. Ons twee klasse was geskei met 'n gordyn. 'n Dunnerige, groen gordyn. Gelukkig het ek en die Skeinatmeneer goed oor die weg gekom: hy was die koormeester en ek het die begeleiding gedoen.

Die arme Skeinatmeneer was ook die koshuisvader. Onthou nou: hy stap in die oggend die trappe af na sy klas toe, stap pouses terug trap-op om pousekos te gaan eet, stap af na sy klas toe, stap weer op om middagkos te gaan eet, doen studietye in die studiesaal en gaan slaap in dieselfde gehou.

Ek sou naer geword het.

Ek vertel volgende keer verder.

Tot dan toe wag ek vir die *tjoir prêktis dis afternoen*.

PANEEL 24

Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



MPANDE WORD ZOELOEKONING

■ Quarta Pretorius

Hierdie paneel beeld die gebeure uit rondom die bewindsaanvaarding van Mpande as Zoeloekoning in die plek van sy halfbroer uDingane. Na die nederlaag van sy krygers in die slag van Bloedrivier, is uDingane se hoofvesting uMgungundlovu op sy bevel afgebrand. Sy koningskap het begin wankel toe Mpande met 'n groot gevolg van hom weggebreek het, en tot 'n einde gekom toe Mpande se krygers, bygestaan deur 'n Voortrekkerkommando, hom in Januarie 1840 verslaan het. 'n Maand later het Mpande in Pretorius se teenwoordigheid amptelik die nuwe koning van die Zoeloes geword. Op die paneel staan Mpande in die middel op die sogenaamde Pandaklip. Pretorius staan aan sy linkerkant om sy koningskap amptelik aan te kondig. Aan sy regterkant vertaal 'n tolk

Pretorius se woorde in Zoeloe. Aan die een kant lig die Voortrekkers hulle hoede as 'n blyk van eerbetoen. Aan die ander kant staan die Zoeloekrygers en roep die erekreet *Bayete* uit. Die beeldhouer het Pretorius volgens 'n destydse tekening uitgebeeld. Twee bekende openbare figure, Theo Schumann en Tienie van Schoor, was die modelle vir die mans onderskeidelik heel regs en tweede van regs voor..

Beeldhouer: Frikkie Kruger



HUPPEL TRIPPELAARS KUIER LEKKER SAAM



Met Erfenismaand as tema, is onderwerpe soos die volgende bespreek: - Met watter Boererate is jy as kind gedokter? Dit was verstommend om te hoor hoeveel van die Huppel Trippelaars elke Saterdag Engelse sout of Kasterolie gekry het omdat "hulle bloed vuil was." - Daar was 'n heerlike gesprek oor die "muurbehangsel modes" uit ouma en oupa se tyd. Almal het onthou van die vyfeende/ganse wat van groot tot klein teen die muur "gevlieg" het. En die prente van die Breë Weg en die Smal Weg (wat na die hel en die hemel gelei het). Nog 'n muurprent-mode was die een wat gesê het: WAT IS 'N HUIS SONDER 'N MOEDER...VADER? - Nog 'n heerlike onderwerp was kleintyd-gedigies wat almal nog onthou. Dit was kostelik om te hoor hoe hulle nog AG Visser se "As ou tant Siena straataf loop.... of die Groente-verkopertjie; of Hansie Slim en vele ander foutloos kan 'opsê" - Hierna is gefilosofeer oor, as jy kon kies, watter Bybel-karakter jy sou wou wees; en waarom. Koning Dawid was 'n gewilde karakter weens sy dapperheid en sy geloof. Só ook, was Josef gewild weens sy onkreukbare karakter. Daar was plek vir die dienende Marta; en haar suster, Maria, wat aan Jesus se voete gesit het. Simson en Gideon het ook 'n plek gekry... Ons volgende saamkuier is op 12 Oktober.

DIE RUS INGEGAAN



† Johnnie Johnson is die 21ste September 2021 in die ouderdom van 89 jaar oorlede. Sy troosdiens was 24 September 2021. Hy word oorleef deur sy eggenote, Annie, drie dogters, Annelise, Irene en Elsa asook klein-kinders en agterkleinkinders.



Pieter van der Colff is die 23ste September oorlede in die ouderdom van 97 jaar. Sy roudiens is Woensdag 6 Oktober 2021 om 11:00 by Huis Bron-van-Heil.

KENNISGEWINGS BETREKKINGS DIENSTE SMALLS EIENDOMME

KENNISGEWING
Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE CORNELIA JOHANNA MITTERMEIER**, Identiteitsnommer: 280706 0006 083, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Kerkstraat 4, Reitz, 9810, ongetroud.
Datum van afsterwe: 27 April 2021
Boedelnommer: 006102/2021
Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
Kennisgewing vir publikasie: 1 Oktober 2021.
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6
REITZ
9810

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION
In the Estate of the **LATE MARTHINUS PETRUS JOHANNES BOTHA**, Identity Number: 240503 5021 087, married out of community of property, residing at Huis Bron-van-Heil, district Heilbron, 9650, Province Free state, Estate Number: 7370/2016
Hereby Notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
(GET) AA SCHUTTE
CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205
HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

KENNISGEWING
In die boedel van wyle **TIMOTY DLAMINI ID NR. 571217 5481 08 9** oorlede op 12 SEPTEMBER 2006 wie woonagtig was te 803 PETSANA, DISTRIK REITZ, VRYSTAAT PROVINSIE
BOEDELNOMMER: 12477/2006
Kennis word hiermee gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie en Distribusierekening in bogenoemde boedel ter insae sal lê vir alle belanghebbende persone in die kantoor van die Meester te Bloemfontein en 'n afskrif in die kantoor van die Landdros te REITZ vir 'n tydperk van 21 (EEN EN TWINTIG) dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.
P/A RICHTER VAN DER WATT PROKUREURS
STRYDOMSTRAAT 11
POSBUS 7
FRANKFORT, 9830
TEL: 058 813 1133
FAKS: 058 813 1170

Die Heilbron Herald se fabriek sluit die 16de Desember 2021 en heropen DV 10 Januarie 2022.

Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.

Terug skool toe promosies binnekort ook beskikbaar.



HEILBRON HERALD

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

HOËRSKOOI WILGERIVIER
FRANKFORT

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor die volgende pos:

Beheerliggaampos : Grondslagfase (Gr. 1 tot 3) en Remediërende Onderwys

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2022

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

- * 'n Volledige CV.
- * Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies.
- * Gewaarmerkte afskrifte van ID.
- * Getuigskrifte.
- * SACE-sertifikaat.

Voornemende kandidaat kan aansoek doen deur 'n CV te stuur na:

- * e-pos: wilgeskool@lantic.net
- * faks: 0866 595 407
- * Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 22 Oktober 2021

Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010)

HOËRSKOOI WILGERIVIER
FRANKFORT

Hierdie uitmuntende, Afrikaansmedium skool beskik oor die volgende pos:

Permanente Departementele Posvlak 1

Wiskunde / Landboutegnologie / Rekenaar-toepassingstechnologie : graad 10 tot 12

Aanvangsdatum: 1 Januarie 2022

Die volgende dokumente moet die aansoek vergesel:

- * 'n Volledige CV.
- * Gewaarmerkte afskrifte van alle kwalifikasies.
- * Gewaarmerkte afskrifte van ID.
- * Getuigskrifte.
- * SACE-sertifikaat.

Voornemende kandidaat kan aansoek doen deur 'n CV te stuur na:

- * e-pos: wilgeskool@lantic.net
- * faks: 0866 595 407
- * Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 22 Oktober 2021

Navrae : Mnr. H. Pelster (058-813-1010)

GiG Technologies (Pty) Ltd.

Cell: 072 540 4495

Mail: info@gigtechnologies.co.za

VAKANTE BETREKKING: TEGNIKUS

Opsoek na 'n jongman wat bereid is om te leer wat vir die volgende sal verantwoordelik wees:

- Verkope en klante diens
- Rekenaar onderhoud & herstelwerk
- Internet, Kamera & Alarm installasies asook onderhoud

CV's kan gestuur word na: adriaan@gigtechnologies.co.za

PLOEG SEMOER

Egte LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567

JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com





Andries Muller

072 447 7446

Vrystraat 23,
Heilbron

Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS

ALGEMENE DRAAIWERK

MEGANIESE

HERSTELWERK

BAAL VAN SOJA-
/MIELIERESTE

Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-
KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033.

BLOEDSKENK DATUMS



28 September
23 November

Winkelure

MAANDAE -
DONDERDAE
07:30 - 17:00
VRYDAE:
07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00

Elsstraat 44
Heilbron

Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald

082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



Winkelure

Winkelure

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za

(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za

(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)

- Delareyz finance@heilbron.co.za
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za
- Silma marketing@heilbron.co.za

(Koerant, advertensies)

(Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure:

Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30

Saterdag: 09:00 - 12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON

Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial Engagement & Wedding Kiddies parties Matric Farewell Individual & Family Maternity & Newborn




MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY

072 180 4113
marilize@mcreativestudio.co.za

VL WIL HOF TOE OOR PAAIE

Alle paaie mag dalk volgens die spreekwoord na Rome lei, maar in die Vrystaat lei dit (wat oor is van die padnetwerk) reguit na die howe. Die swak toestand van die paaie in die Vrystaat was een van die groot gesprekspunte tydens die onlangse jaarkongres van Vrystaat Landbou (VL). Volgens Francois Wilken, nuut herverkose president van VL, sal die organisasie binnekort 'n besluit neem oor moontlike regsoptrede teen die staat vanweë die versuim om die gehawende provinsiale paaie in stand te hou. In sy presidentsrede het Wilken gesê dat die organisasie deur opnames bevind het dat die provinsie se paaie die swakste in Suid-Afrika is. Hy voeg ook by dat boere reeds alles probeer het om die provinsiale regering te dwing om sy grondwetlike plig na te kom en die paaie te onderhou. Wilken het voorts daarop klem gelê dat gemeenskappe moet mobiliseer om in hul spesialisvelde oor te neem waar die staat

misluk. Wilken het in hierdie verband 'n versoek aan lede gedoen om hande te vat en dorpe te bou wat toekomsgeraad sal wees. In Julie vanjaar het VL-opname getoon dat boere in die provinsie reeds meer as R6 miljoen aan padonderhoudswerk bestee het. Wilken het toe gesê dat die gebrekkige regeringsvermoë en traagheid om paaie te herstel, die landbousektor toenemend noop om self hand in eie boesem te steek om uitdagings aan te spreek. “Die R6 miljoen-syfer is die werklike koste wat reeds aangegaan is en baie van dié instandhoudingswerk word waarskynlik nie eens aan die owerhede gerapporteer nie,” het Wilken gesê. Die uitgawes is nog hoër indien geleentheidskoste, produksietydsverliese, slytasie op toerusting en voertuigherstelwerk bygereken word. Volgens VL is die situasie tans die ergste in die Noordoos-Vrystaat, waar daar in die Thabo Mofutsanyana-distrik 'n groep van vyf boere is wat jaarliks meer as R1 miljoen moet bestee net om paaie gangbaar te hou.



'n Klompie jaar gelede het Heilbron ook bekend gestaan vir sy "Pothole's". Daar is seker nie een straat oor wat nie besaai is met slaggate nie. Op die foto Quarta Pretorius in Langmarkstraat - seker 10 jaar terug.

DUUR STANDBEELD VIR VERVALLE SPORTSTADION

'n Peperduur munisipale sportstadion in Parys is erg verwaarloos en staan in onbruik, maar meer geld word nou bestee aan 'n standbeeld ter ere van Fezile Dabi, 'n anti-apartheidsaktivis, na wie die stadion vernoem is. Die stadion sou aanvanklik R48m kos, maar die koste het stadigaan meer as verdubbel na meer as R100m. Die stadion is, sedert sy opening sewe jaar gelede, hoofsaaklik gebruik vir ANC-funksies met oud-premier Ace Magashule as spreker. Daar was versoeke van sokkerklubs om die stadion te gebruik, maar dis geweier. Dr Roy Jankielsohn, Vrystaatse DA-leier, Me Mariette Pittaway, lid van die Vrystaatse wetgewer, en DA-raadslede het die stadion onlangs op oorsig besoek. Jankielsohn sê die Vrystaatse provinsiale regering wil nou 'n standbeeld van R3.3m oprig, maar die stadion met sy 15 000 sitplekke bly steeds 'n wit olifant. Geen sportbyeenkomste is nog daar gehou nie. “Dis duidelik dat baie van die infrastruktuur in die Vrystaat gebou word om tenders te bekom, en nie vir die gebruik daarvan nie,” sê Jankielsohn. Die ANC-regering in die Vrystaat gaan voort om die name van anti-apartheidsaktiviste vir politieke doeleindes voor die verkiesing te misbruik, maar laat toe dat dié name deur die modder gesleep word deur die verval van die projekte wat na hulle vernoem is, sê hy. Die Fezile Dabi-stadion raak by die dag meer vervalle. Die DA beywer hom vir die erkenning van die Vrystaat se diverse geskiedenis. “Fezile Dabi kan erken word, net soos genl Christiaan de Wet, wat teen Britse imperialisme in die Vrystaat geveg het, maar dan moet die mense van die Vrystaat waarde kry vir elke sent wat bestee word” sê hy.




MAKE YOUR VOTE COUNT

DA governments deliver effective and safe recreational spaces that are crucial for local economic growth.



DA-run Midvaal Municipality



ANC-run Ngwathe Municipality

#DA_GETS_THINGS_DONE

ESKOM NOTICE

Please note that the electricity supply to Heilbron will be interrupted due to maintenance at substation. The interruption has been scheduled as follow:
DATE: THURSDAY, 14 OCTOBER 2021
Time: 07h00 - 19h00
Please note: The electricity supply may be restored without warning at any time during the interruption therefore, all electrical installation must be treated as live and dangerous. The interruption is necessary for annual maintenance.



eenheid in verskeidenheid

Die HOEVELD BONSMARAKLUB
nooi u hartlik uit
om hul voorskouedag by te woon.
Datum: Vrydag 8 Oktober 2021
Plaek: Sernick, Edenville

SPREKERS

Johan van den Berg - Landbouweekkundige
Klimaatvooruitsigte vir die komende somerseisoen

Dr. Fanie Steyn - Absolute Genetics
Moderne Reproduksie tegnieke by vlaaieste

PROGRAM

7:30 Keuring - Sernick Bulle
9:00 Aankoms & Registrasie
9:30 Opening & Verwelkoming - Wille Anderson
9:45 Spreker: Johan van den Berg
10:30 Spreker: Dr. Fanie Steyn
11:10 Koffie & Tee
11:30 Keuring - HOEVELD BONSMARAKLUB BULLE
13:00 Middagete
13:30 Besigtiging van veilingsterrein

TOEGANG IS GRATIS MAAR RSVF VIA SERNICK SE WEBBLYAD ONDER EENTRIEFLEENTHEDE IS NOODSAKLIK.

WWW.SERNICK.CO.ZA

VOORTREKKERS VIER ERFENISDAG



Vrydag, 24 September 2021 het die Heilbron Voortrekkers saam met verskeie Afrikaanse kultuur netwerke by Vegkop Slagveld-terrein bymekaar gekom ter viering van Erfenisdag. Een van die Voortrekker kodes is: Ons leer uit die geskiedenis en bou daarop voort!

Erfenisdag is gevier deur 'n spesialisasie dag waarmee lede hulle kentekens in onderskeie afdelings verwerf. Die volgende was aangebied:

Graad R en 1 kinders het die Spele spesialisasie gedoen wat deur Jackie Wessels (AKL PD SAKE) aangebied was. As Afrikaners word die kinders speletjies geleer van wat van toeka af kom. Die dag was

heerlik warm en hulle het met waterspeletjies afgesluit.

Elna Cloete (Heilbron Kommando-leier) en Bunny Cloete (AKL Admin) het vir die graad 2 en 3 kinders Plantwaarneming aangebied. Die kinders het meer geleer van inheemse plante en kenmerke van 'n verskeidenheid alledaagse plante en vrugte.

Die graad 4 tot 7 kinders het die Seremonie spesialisasie gedoen wat deur die gasspreker, Butch Blignaut (Orion kommandoleier) aangebied was. Daar is geleer van vlag seremonies, die hys en stryk van vlage en presentering.

Die dag is afgesluit met braaivleisvure en heerlike boereworsrolle!



NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY

TENDER NOTICE AND INVITATION TO TENDER

Suitable service providers are hereby invited to submit proposal on the following:

BID NUMBER	BID DESCRIPTION	NON/COMPULSORY INFORMATION SESSION DATE & VENUE	EVALUATION CRITERIA	CONTACT PERSON	CLOSING DATE & TIME
NLM: FIN-01-2021 MRS	APPOINTMENT OF A SERVICE PROVIDER FOR SUPPLY AND RENDER A COMPREHENSIVE METER READING SYSTEM (HARDWARE AND SOFTWARE) FOR ELECTRONIC CONVENTIONAL METER READING MANAGEMENT.	None	80/20 The document will cost R 1000.00 (Non-Refundable) Functionality included in the bid document	Mr. Tshediso Khaha Technical enquiries (073 138 5740 E: khaha@ngwathe.co.za Mr. H.I. Lebasa Chief Financial Officer (056 816 2700 E: hopotang.csi@gmail.com For SCM Enquiries Mr. T. Mathibedi (056 816 2700 E: thabisos@ngwathe.co.za	NLM: FIN-01-2021 MRS Closing date: Friday, 22 nd October 2021 at 12h00pm.
NLM: TEC 90-15-27	CONSTRUCTION OF SEWER LINE IN HEILBRON/PHIRITONA INDUSTRIAL CONNECTION.	Compulsory: Heilbron Municipal Building Offices Wednesday, 06th October 2021 at 10h00 am.	80/20 The document will cost R 1500.00 (Non-Refundable) Functionality included in the bid document	Mr. G. Tsagane Technical enquiries (056 817 7611 E: gontse.tsagane@gmail.com Mr. T.R. Malunga Technical enquiries (056 817 7611 E: malunga@ngwathe.co.za For SCM Enquiries Mr. T. Mathibedi (056 816 2700 E: thabisos@ngwathe.co.za	NLM: TEC 90-15-27 Closing date: Friday, 22 nd October 2021 at 12h00pm.
NLM: TEC 90-15-27	CONSTRUCTION OF 3KM PIPELINE AND ELEVATED TOWER IN HEILBRON.	Compulsory: Heilbron Municipal Building Offices Wednesday, 06th October 2021 at 11h00 am.	80/20 The document will cost R 1500.00 (Non-Refundable) Functionality included in the bid document	Mr. G. Tsagane Technical enquiries (056 817 7611 E: gontse.tsagane@gmail.com Mr. T.R. Malunga Technical enquiries (056 817 7611 E: malunga@ngwathe.co.za For SCM Enquiries Mr. T. Mathibedi (056 816 2700 E: thabisos@ngwathe.co.za	NLM: TEC 90-15-27 Closing date: Friday, 22 nd October 2021 at 12h00pm.

PAYMENTS CANNOT BE MADE AT SUPPLY CHAIN MANAGEMENT OFFICE BUT CAN BE MADE AT THE FOLLOWING MUNICIPAL PAY POINTS:

- PARIS FINANCE DEPARTMENT (TOWNHALL)
- VREDEFORT MUNICIPAL OFFICES
- EDENBURGH MUNICIPAL OFFICES
- KOPPEL MUNICIPAL OFFICES
- HEILBRON MUNICIPAL OFFICES

ALTERNATIVELY, DIRECT OR ELECTRONIC DEPOSITS CAN BE MADE TO THE NLM BANK ACCOUNT:

ABSA, ACCOUNT NO: 4052707733
BRANCH CODE: 632005
REF NO: YOUR BID NUMBER AND BIDDERS NAME

Availability of Bids Documents: Thursday, 30th September 2021

Bid documents to be collected and submitted at: Supply Chain Management Unit and Municipal Tender Box, Ngwathe Local Municipality offices, Liebenberg Street, Crescent, Parys, 9585.

The documents will be available on Ngwathe local municipality office at SCM Offices or through email after the municipality receives the proof of payment sent through to SCM on the provided email above.

Copy of the above bid is available at SCM Offices at a non-refundable amount at stipulated above; payable by cash at the municipal cashier point or direct deposit with a proof of deposit)

The bid number to be used as reference and deposit slip must be submitted as proof of payment on collection of bid document.

The document may be collected during working hours after 09H00 to 15H00, from Thursday, 30th September 2021, and during weekdays thereafter. The physical address for collection of bid / tender document is the office of Ngwathe Local Municipality, Ground Floor, Cashier's Office, Liebenberg Street, Parys, 9585.

No bid will be accepted from persons in the service of the state.

No telegraphic, telefax and late Bids will be accepted.

Bids will remain valid for 90 days.

Service providers must note that certain work within this project may only be constructed by using labour-based construction methods and Contractors must limit the utilisation of their permanently employed personnel to key personnel, all other personnel and labourers must be recruited locally.

Preference will be given to Respondents based on their BBBEE status.

All bidders must ensure that they are registered on the National Treasury Central Supplier Database via the following link: [business.support@csd.gov.za](https://csd.gov.za).

Since no business will be conducted with any bidder who is not registered on the database

Bidders must take note of the following:

- Valid company tax clearance certificate be attached
- Certified copy of the company registration certificate / founding certificate must be attached.
- Copy of company profile with clear references.
- Valid BBBEE verification certificate must be attached.
- CSD registration report/support number.
- Valid letter of good standing (COID)
- Municipal rates & taxes information in the bid document must be duly completed by your Local Municipality or your Landlord.
- All compulsory/ supplementary forms must be fully completed and signed that is (MBD 1, 4, 6, 8 and 9).
- Briefing session will be conducted on the above mentioned date; any queries must be directed to Director Technical Services / Engineer.
- Failure to comply with the above-mentioned conditions may invalidate your bid.
- Compulsory: (Bidder must submit two set of bid documents, (1) hardcopy and (2) scanned copy of the original bid with supporting documents (soft-copy).

Ngwathe Local Municipality fully reserve the right not to accept the lower tender or accept the whole or part of the any tender or not to consider any tender submitted.

Mr. BW Kannemeyer
Municipal Manager

Has a vacancy for a

**LOADMASTER/ TRAINEE MARKETER:
FRANKFORT**

For more information and job requirements,
follow this link:
<https://bkb.simplify.hr/vacancy/zwwdin>

Reference number: LH252
Closing date: 06 October 2021

INTEGRITY

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP
EARNINGS | EMPLOYEES | ENVIRONMENT

www.bkb.co.za

HEILBRON WAS HONGER VIR 'N WEN



Moeë spanne van Heilbron en Frankfort na afloop van die prysuitdeling Saterdag.

Die telbord vertel die ware verhaal van 'n klipharde stryd tussen die Ryder beker gholfspanne van Heilbron en Frankfort verlede naweek hier. Vrydag was die gebruiklike dubbel-kompetisie en is dit waar Heilbronners hulle fondasie goed gelê het vir Saterdag se enkelstryd. Hulle loop voor met 14 teen 6 punte, maar moet 9 uit die 20 enkel-wedstryde wen om die beker te kry. Die gees tussen die twee dorpe is oor jare baie gesond en het Vrydagaand se funksie soos 'n familie reünie gevoel. Saterdag het dit gelyk of die Heilbronners die meeste verlang het en hulle het amper die bal laat val. Frankfort teken 22 punte aan teen Heilbron se 18. Die jongmanne in Heilbron se span is fiks, hulle verwerk die druk beter en haak die knoop deur. Die wentelling was toe die laaste set val Heilbron 32 – Frankfort 28. Die beker staan na 3 jaar weer tuis.

Die spelers wat Saterdag die beste gevaar het in die enkel-wedstryde en pryse gewen het soos volg: Jackie Leonard 43, Arnold Saaiman 42, Pieter van Staden 41, Jannie Breitenbach 40, Kobus Erasmus 39, Eben Stander 39 en Stephan Heymans 38.



Heilbron gholfsklub se president, Gerrie Muller en Julyan Bruyns staan trots met die trofee. Die kompetisie word jaarliks deur BASF Chemikalieë geborg.

BAIE PRET BY "JULY IN SEPTEMBER"



Heinrich Kruger

• Heilbron Ruiterklub

Die Heilbron Ruiterklub se "July in September" perdesportdag wat Saterdag 25 September by Die Skeerstoer Kroeg plaasgevind het, was weereens 'n reuse sukses en terdê geniet deur oud en jonk. Daar is eers rugby gekyk en daarna is 4 items nl. plesierperdklas, *single stakes* resies, 'n lint en reddingsresies en 'n *fancy dress* klas aangebied. Die kinders wat nog nie kon perdry nie het op die 2 stokperde van die dag nl. Mint en Strawberry deelgeneem. Middage is daar gesmul aan die heerlike eetgoed wat verskaf is deur Die Skeerstoer en daarna het die braves 'n plesier om die plaas gery terwyl die ander in die swembad baljaar het. Ons wens graag die volgende wenners geluk met hulle prestasies: **Plesierperdklas:** Damie Stemmet, **Single stakes:** Heinrich Kruger, **Lintresies:** Damie & Ernst Stemmet, **Reddingsresies:** Damie & Ernst Stemmet, **Fancy dress:** Heinrich Kruger. Die wenners in die ouderdomskategorieë was: **Stokperdruikers:** Chrisanle Boshoff & Jana Pieters was gelykop eerste op hulle Stokperde Mint & Strawberry, **Beste beginner ruiter:** Anita Roux, **Beste Junior:** Karli van Niekerk, **Mees Belowende Junior:** Lené Du Toit, **Beste Senior:** Heinrich Kruger, **Beste veteraan en ook algehele wenner van die wisseltrofee:** Damie Stemmet, **Beste professionele veteraan en die gees trofeewenner:** Hendrik Brink (voorsitter van die klub).

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
OPE PRYSSKIET
SATURDAG - 2 OKTOBER 2021
GEWEER | PISTOOL | .22 | HAELEGEWEER
Leunpoort Skietbaan

- R100 pp Ins krywinggeld
- Groot geweer 9.3x62 en groter
- Spanverwant - 2 persone
- Gong-skiel
- Trofee-meting
- Groot pryse te wen!

Om, afbeskerming en maskers is verpligtend
Landmaatskaps is verpligtend

Vir meer inligting kontak Ericka - 083 707 0779

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

Bain geluk aan Elze J. Vuurman met die wen van die braai-hamper op Erfenisdag!

063 721 4950 087 527 0723
Wetenskap (Jord), Wetenskap (Jord)

BKB Louwid

Die komende week se **BELANGRIKSTE** veilings

MAANDAG - 4 OKTOBER 2021

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

DINSdag - 5 OKTOBER 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuys 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 6 OKTOBER 2021

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

VILJOENSKROON: 59ste JAN VAN BILJON
veiling (NIEKERKRUST SAVM STOET)
11:00, Niekerkrust
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

DONDERDAG - 7 OKTOBER 2021

FRANKFORT weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

HLUHLUWE Twee-maandelikse veiling
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

VRYDAG - 8 OKTOBER 2021

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

SATERDAG - 9 OKTOBER 2021

POTCHEFSTROOM:
RUSWATER DORMERS (Fanie Kruger) &
KALKVLEY DORMERS (Colene van der Merwe)
veiling, 11:00, veilingkrale
Kontak Rudi Nagel 082 905 6066

BLOEMFONTEIN:
NASIONALE SUFFOLK veiling
11:00, Be Human
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189



www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bklouwid.co.za